

BOEKBESPREKING

Rosenthal, Eric: South African Surnames, pp. 626, R2-50, Howard Timmins, Cape Town, 1965.

Die bekende skrywer, Eric Rosenthal, het, geoordeel na die reeks werke wat agter sy naam pryk, kennelik die vermoë om telkens op 'n interessante en belangwekkende onderwerp af te kom. Dit is ook met hierdie boek die geval. Elkeen van ons is geïnteresseerd in die herkoms van sy eie van en familie, maar ook in die van vriende en ander bekende persone. Daarom sal hierdie werk belangstelling trek. Ongelukkig wek die oordrewe aanprysing daarvan wat die uitgewer op die stofomslag gee, 'n verkeerde indruk van die inhoud daarvan. Die boek het beslis sy beperkinge en gebreke.

Die boek word in drie dele opgedeel, wat in volgorde verskil van die wat in die voorwoord bespreek word — iets wat reeds wys op 'n slordige en onnoukeurige opset.

In deel I, *South Africa's Commonest Surnames*, gee die skrywer eers 'n ontleding van die familienaam wat die meeste voorkom — Jacobs staan bo aan met die getal 82,500 — vervolgens van welke Britse en Joodse name die meeste voorkom, ook wat die posisie in die vernaamste stede is, sowel as in enkele beroepe soos dié van medici, advokate ens. Die gegewens het hy uit die bevolkingsregister gehaal. Vir elke groep gee hy definitiewe getalle, maar deel ons nie mee op welke datum die gegewens versamel is nie. Hy praat losweg van die „Present-day South Africa”. Die getalle verander natuurlik 'van dag tot dag. Ek vra my ook af of dit enige sin het om bv. van die sewentig Pretoriase advokate te beweer: „nearly half — 32 — bear Dutch names, only 16 English, 10 German, 7 French and 5 Jewish”. Van meer belang is die verhouding tussen die twee taalgroepe.

Deel II bevat besonderhede van „some famous surnames in South Africa”, sestig in getal. Dis moeilik om te begryp watter maatstaf die skrywer toegepas het by dié keuse en wat hy presies onder „famous” verstaan. 'n Mens mis familienaam soos Pretorius, Burger(s), Murray, De Wet en talle ander wat elke kenner van die Suid-Afrikaanse geskiedenis as van groter beroemdheid sal beskou as menigeen van die wat hy in sy lys opgeneem het. Die gegewens wat hy oor elkeen van die sestig vanne verstrek, baie beknop, oor elkeen gemiddeld een tot drie bladsye, is interessant. Dit bevat besonderhede oor herkoms, stamvader in Suid-Afrika en vermelding van enkele bekende figure wat die besondere van gedra het. Dit gee egter nie die indruk van die resultaat van sistematiese navorsing te wees nie. Dit lyk eerder asof die skrywer maar uit enkele terreine en bronne 'n aantal name saamgeraap het. Waar hy dit het oor nog lewende persone, is sy gegewens soms verouderd, wat dui op een of ander verouderde persooneregister wat nageslaan is.

In die derde deel gee die skrywer 'n alfabetiese lys van *South African surnames and their meanings*. Ek is nie bevoeg om die korrektheid van sy verklarings te beoordeel nie, maar vir elke naam is die verklaring so karig, soms slegs 'n vertaling in Engels, dat dit nie bevredigend is. Volgens die eerste deel het die skrywer ook aandag gegee aan familienaam van nie-blankes. Daarvan het nie veel tereg gekom nie. Die persentasie name van dié oorsprong wat in sy lys opgeneem word, is uiters gering.

Oor die algemeen geoordeel: ek vind dit jammer dat 'n interessante onderwerp nie meer bevredigend uitgewerk is nie.

F. J. du T. Spies.

Dr. H. Enno van Gelder: De Nederlandse Munten, Aulareeks 213, Utrecht-Antwerpen, 1965 (met afb.).

In 'n besonder aantreklike vorm, die publikasie beslaan 272 bladsye van klein formaat, bied die grootste tans lewende deskundige op die gebied van die Nederlandse numismatiek, dr. H. Enno van Gelder, die belangstellende leser in 'n agtal hoofstukke die historiese gedeelte van sy onderwerp aan om vervolgens 'n drietal hoofstukke te wy aan die sistematiese gedeelte (bl. 181-250) wat gevolg word deur koerstabelle, 'n beknopte bibliografie, 'n kort oorsig van openbare versamelings in Nederland en 'n verklaring van muntname waarin terselfdertyd 'n register verwerk is.

Sedert die Romeinse tyd was muntstukke in die Nederlande in omloop en was Trier die middelpunt van muntvervaardiging. In die loop van die sesde eeu het die Germaanse state die muntslag ingevoer. Aanvanklik is Romeinse- en Bisantynse munte nageboots (o.m. deur die Friese). In die sewende eeu is goudmunte deur silwermunte vervang, 'n verandering wat die verspreiding van munte ten goede gekom het.

Karel die Grote, wat op veelvuldige gebiede die beginsel van sentralisasie met sukses toegepas het, het o.m. silwerpennings laat vervaardig (240 uit 'n Karolingiese pond gewig aan silwer). Na die ineenstorting van die Karolingiese ryk het geestelike en wêreldlike leenmanne muntregte verkry, wat 'n einde aan die eenheid van die munt beteken het (bl. 21).

Interessant is die opkoms van die benamings libra (pond) met die l-teken, solidus (skelling) met die afkortings s of sol, en denarius (penning) met die afkortings d of den wat in talryke lande tot met die Franse Rewolusie gehandhaaf is om daarna deur die desimale stelsel vervang te word. Soos bekend, handhaaf Engeland nog die ou benamings.

'n Groot verskeidenheid van munte kenmerk die tydperk 1250-1450, gevolg deur die strewe van die Boergondiese heersers i.v.m. unifikasie van die muntslag.

Die tydperk van die Tagtigjarige Oorlog ken o.m. sy noodgeld, die invoering deur die opstandige geweste van 'n eie munt (die „leuwendaaider”. 1575, bl. 79), die invoering van die Statemunte (1581) en die gelyktydige verbod om die naam en die wapen van die afgeswore Filips II nog langer op munte te gebruik, en die invoering van provinsiale munte in 1606.

In die Republiek is die muntreg deur die provinsiale besture voorbehou wat hul eie muntmeesters aangestel het. In 1606 is begin om nuwe muntsoorte in die sewe provinsies te slaan en in 1659 is begin met die vervaardiging van die „zilveren rijder” (65 st.) en die „zilveren dukaat” (50 st.), wat onderskeidelik die „ducaton” en die „rijksdaalder” genoem is.

Belangrik vir ons verlede is die vervaardiging van groot en klein silwermunte, maar veral van kopergeld, vir rekening van die V.O.C. In 1702 is, ten opsigte van die Kompanjiesgeld, besluit dat duit gemerk sou word met die monogram (V.O.C.) en die muntateljee van herkoms i.p.v. die provinsienaam.

Na die val van die Republiek, in 1807, is die provinsiale munthuse van weleer gesluit en die gulden as nasionale munt ingevoer. Na die inlywing van die voormalige koninkryk Holland deur Napoleon (1810), is Franse munte in Utrecht vervaardig.

Na die herrysing van die Nederlandse onafhanklikheid en die hereniging met die latere België, het 'n muntwet tot stand gekom waardeur die grondslae gelê is vir die invoering van die desimale stelsel in die Nederlandse muntwese. Waar die „gulden” in die verlede verdeel was in twintig stuiwers van elkeen agt duit, is die gulden nou verdeel in honderd sente.

Benamings uit die verlede soos „schelling” en „stooter” is nog geruime tyd na 1816 in die volksmond gehandhaaf. Die publikasie van dr. Van Gelder voorsien o.i., ook met betrekking tot ons koloniale verlede, in 'n dringende behoefte. Lesers wat

dieper op die onderwerp wil ingaan, sal in die beknopte literatuuroorsig voldoende verwysings vind om hulle in staat te stel om tot verdere verdieping met betrekking tot 'n boeiende onderwerp te kan oorgaan.

J. Ploeger.

Bauch, Kurt en Mertens, Alich: Duitse Kultuur aan die Kaap; pp. 38, 50 plate met beskrywings. Tafelberg Uitgewers, Kaapstad, 1964. R2-60.

Die Duitse kultuur en invloed op die kultuurontwikkeling aan die Kaap, is 'n onderwerp waaroor daar in die verlede partymaal op oordrewe en eensydige manier geskryf is. In hierdie boek is dit bepaald nie die geval nie. Op 'n uiters sobere en nugtere manier kry ons 'n oorsigtelike indruk van die Duitsers in die vroeër dae en die Duitse invloed op die kultuurlewe. Mens verbaas jou wanneer jy begin besef hoe groot hierdie invloed in werklikheid was.

Die ekonomiese en staatkundige toestande in Sentraal-Europa na afloop van die Dertigjarige Oorlog met die Vrede van Munster in 1648, was nie baie rooskleurig nie. Emigrante uit die Duitse gebiede het nie in groepe nie, maar as enkelinge na die Kaap gekom en daar was by hulle maar min behoefte om vaste bande met hul geboorteland te onderhou. Die merendeel van hulle was bowendien van arm afkoms en ongetroud. Gevolglik kon hulle betreklik maklik aanpas en die meeste het met Kaapse meisies getrou en aangesluit by die Gereformeerde geloof. Hulle het in die bestaande bevolking opgegaan. Dit blyk al uit die Afrikaanse famaliename, wat van Duitse oorsprong is.

Daar het egter ook Duitsers na die Kaap gekom wat welgesteld was en ander, soos Martin Melck, het kans gesien om in 'n betreklike kort tyd, groot welstand te bereik. Hierdie mense veral het nie net ekonomies nie, maar ook kultureel 'n aansienlike bydrae tot ons Afrikaanse kultuur gelewer. Op professionele terrein, is baie deur die Duitsers gepresteer, maar veral op die gebied van die sending; veral die Herrnhutters (van die Oos-Duitse landgoed Herrnhut), wat aanvanklik geen goedkeuring in die oë van die Gereformeerde Kerk kon vind nie, maar wat later tog soveel bereik het. Ook in baie ander lewensrigtings ontmoet ons Duitsers: op militêre gebied, by ekspedisies na die binneland, kuns en musiek, in die goud- en silwersmedery, op biologiese, plantkundige en kartografiese gebied, by die boekbindery, orrelbouers, horlosiemakers, skrynwerkers, timmerliede, tingieters en baie ander ambagte.

Aan hierdie oorsig, wat in drie tale, Afrikaans, Duits en Engels gegee word, is 'n vyftigtal uitstekende foto's toegevoeg, elkeen met 'n uitvoerige beskrywing. Daar word ook 'n paar woorde gewy aan die rol van die Duitse Jode, wat ook aansienlike ekonomiese en kulturele betekenis gehad het. Die verhaal voer ons tot in die moderne tyd, veral op die gebied van skole en kerk.

Daar is 'n aantal onnoukeurighede. Die predikante van die Gereformeerde Kerk is nie deur die V.O.K. aan die Kaap aangestel nie, maar direk deur die Klassis in Amsterdam. Party Duitsers het eers in Leiden hul opleiding as predikant ontvang, alvorens hulle na die Kaap gekom het.

Die opmerking dat 40% van die Afrikaanse volk uit Duitssprekendes sou bestaan het, lyk my baie hoog. Die aantal individue bepaal trouens nie die omvang van die kulturele invloed nie. In verband hiermee staan ook die Duitse afleiding van 'n hele aantal Afrikaanse famaliename, wat oorspronklik uit gebiede afstam wat toentertyd nie Duitse gebied was nie. Dit is opvattinge wat ook in party ander publikasies in ons land onjuis aangedui word en ons kan net veronderstel dat die skrywers van hierdie boek, daardie publikasies geraadpleeg en gevolg het. Navorsing op hierdie gebied is

nog aan die gang. Ek sou ook graag die Afrikaanse teks eerste gesien het en nie agteraan nie. Helaas is daar geen indeks nie.

Die formaat van die boekie is handig. Dit is netjies uitgegee, met 'n besonder mooi omslag. Deur sy oorsigtelikheid en ook vanweë die mooi afbeeldings, is hierdie boek 'n aanwinst vir die literatuur oor die ou Kaapse kultuur.

F. G. E. Nilant

Smail, J. L.: Historical Monuments and Battlefields in Natal and Zululand, bep. uitg. 1500 eks., pp. 40, baie ill. en landkaarte. Howard Timmins, Kaapstad, 1965. R3-75.

Die bedoeling van hierdie boek is om 'n oorsig te gee van die veldslae wat van 1838 tot 1879 in Natal en Zoeloeland plaasgevind het, en van die monumente en grafstene wat later op die slagvelde opgerig is. Die periode omvat in die eerste plek, die Voortrekkerroetes en gevegte met die Zoeloes in 1838; Blaaukrans, die dood van Piet Uys, Vechtlager, Tugela en Bloedrivier. Dit word gevolg deur die vermoedelike roete van die bekende rit van Dick King. Die derde deel omvat die gevegte tussen die Britse leërs en die Zoeloes in 1879.

Die inleiding tot die verskillende gebeurtenisse, is vanselfsprekend kort, maar duidelik en ter sake. Die teks bestaan hoofsaaklik uit byskrifte op die landkaarte. Daar is 'n oorsigkaart wat die historiese plekke in Natal en Zoeloeland aangee. Van elke belangrike veldslag, is vervolgens 'n duidelike landkaart geteken waarop, deur middel van pyle die rigtings wat die leërmagte gevolg het, aangedui word. Op die teenoorliggende bladsy, is afbeeldings van die slagveld, monumente, grafstene, voorwerpe wat op die voorval van toepassing is en soms reproduksies van ou landkaarte. Dit is veral die verloop van die gevegte, wat nie altyd algemeen bekend is nie, wat in hierdie boek aanskoulik voorgestel word. Die skrywer was ongetwyfeld jarelank besig gewees om al hierdie materiaal by mekaar te kry en hy het baie navorsing gedoen om oor soveel besonderhede te beskik. Daar is ook baie veldwerk gedoen. Almal weet byvoorbeeld van die dood van Lodewyk Bonaparte, die Franse prins. Maar wie het geweet hoe hy presies aan sy einde gekom het en dat die skigtigheid van sy perd en die breek van rieme die belangrikste oorsaak daarvan was. So is daar baie ander uiters interessante besonderhede, wat 'n beteke kyk op die gelewerde veldslae gee.

Die boek het die vorm van 'n historiese atlas. Dit is uitgegee in 'n geskrewe lettertipe van donkerbruin kleur. Die leser raak hieraan gewoond. Party afbeeldings kon moontlik duideliker gewees het. Op sommige landkaarte is die teksgedeelte genommer, waar dit egter nie die geval is nie, is dit soms moeilik om die draad van die verhaal te volg.

Ongetwyfeld is hierdie boek 'n aanmoediging om die verskillende historiese plekke te besoek. Vir studente in die krygskunde is dit van besonder groot waarde omdat hier 'n oorsig en verband verskaf word van krygsfeite wat nie sommer maklik elders verkry kan word nie. Ook vir hoërskoolleerlinge, is dit 'n waardevolle boek.

Daar is 'n kort chronologiese oorsig. Die bronneverwysing kon 'n bietjie uitvoeriger gewees het en daar ontbreek 'n indeks. Die taalgebruik is uitgesproke swak: 'n nodelose, maar ernstige tekort in 'n origens aantreklike en oorspronklike boek.

F. G. E. Nilant.

Van 't Veer, Paul: De Eerste Wereldoorlog. Een tijdsbeeld in foto's, tekst en documenten. Samengesteld met medewerking van H. Joseph en met kaarten van F. W. Michels; N.V. De Arbeiderspers, Amsterdam, 1964.

Van 't Veer, Paul: De Tweede Wereldoorlog; N.V. De Arbeiderspers, Amsterdam, 1965.

Albei bogenoemde plaatwerke het in die reeks „A.P. Kijkboeken” verskyn en word hier in samehang met mekaar bespreek. In beeldvorm gesien, was die wêreld van omstreeks 1910 dié van die voortsrydende tegniek: geleidelik ontwikkelende motors en vliegtuie, van gaslig en ook die Brits-Duitse vlootwedywering. Die Tweede Vryheidsoorlog was verby; daaraan herinner 'n foto van President Kruger in ballingskap. Emigrante het as tussendeke passasiers van Europa na die land van belofte, die V.S.A., vertrek. Voor die katastrofe van 1914 sien ons die portrette van toenmalige heersers: Tsaar Nikolaas van Rusland besoek koning Eduard VII van Engeland; keiser Wilhelm II en sy ses seuns is op pad na 'n Nuwejaarsparade . . . Dan volg die moord van Serajewo op 28.6.1914. In Parys trek juigende Franse vrywilligers deur die strate; op 30.6.1914 word die Franse sosialistiese leier Jen Jaurès doodgeskiet; in Engeland verskyn plakate met die slagspreuk “Your King and Country need you!”; in Duitsland rig keiser Wilhelm sy proklamasie aan sy volk. Dan volg jarelange, grootskaalse slagtings, waarvan tientalle fotobeelde getuig en tussen dit alles deur spreuke soos “Abschied im Kadettenkorps von glücklichen Kameraden, die zur Front dürfen” en “Dad's at the front”. Verskillende kaarte herinner aan rantsoeneringstelsels in neutrale lande wat ook onder die laste van blokkades gebuk gegaan het. In 1918 breek die onbeperkte duikbootoorlog uit; die Amerikaners kom na die geteisterde Europa onder slagspreuke soos “Wake up, America! I want you for U.S. Army”. Dieselfde jaar word die jaar van rewolusie in Duitsland, van onrus en muitery, die jaar van die veertien punte van Wilson, maar ook die jaar van die Spaanse griep, gevolg deur die jaar van Versailles en die ondergang van die ou Europa.

In meer as 250 foto's en tekeninge, kaarte en spotprente kyk ons terug op 'n wêreld van ongeveer 'n halwe eeu gelede, 'n wêreld wat onherkenbaar vir die jonger geslag van vandag is en vir die oueres onweselik en verwronge voorkom.

Die tweede werk begin o.m. met die volgende opmerking: „Het einde van de Eerste Wereldoorlog, het kan zonder overdrijving geconstateerd worden, borg het begin van de Tweede reeds in zich — zo goed als wij trouwens nu nog worstelen met de failliete erfenis van de Oostenrijks-Hongaarse Dubbelmonarchie in Oost-Europa en de ondergang van het Turkse Rijk in het Midden-Oosten.”

In die twintiger jare het nuwe -ismes hul verskyning gemaak, en in die dertiger jare het Abessinië en Spanje vooroefeninggebiede vir oorlog geword. In 1939 het die Tweede Wêreldoorlog ontbrand en 'n paar kaarte agterin die werk toon duidelik aan dat dié botsing meer as ooit tevore die hele aardbol cmvat het. Foto na foto toon die verloop van hierdie kragmeting op militêre gebied, gepaard gaande met naamlose leed van die burgerlike bevolking, die kampe, die Russiese sneeuvlaktes, lugaanvalle, konferensies, oorwinnings en oorgawes.

By 'n foto wat tydens die ondertekening van die traktaat van die vier-moondhedebestuur in Duitsland (5.6.1945) geneem is, staan: „Einde en een nieuw begin” en „De junidagen van 1945 zagen een einde en een nieuw begin, dat velen in de wereld hoop op een betere toekomst gaf.”

Ruim twintig jaar lê agter ons! Ons blaai terug in „De Tweede Wereldoorlog”, ons probeer die afgelope twintig jaar in die lig van „einde en een nieuw begin” te beskou en vra onself af hoe die volgende fotoboek oor die tydperk 1945-1965 gaan lyk!

Ons kan hierdie werke aanbeveel. Dit geld in die besonder vir ons middelbare skole en hulle wat aan ons universiteite die vak geskiedenis bestudeer. Dit geld ook

vir elkeen wat die verloop van die wêreldgebeure met aandag volg. Veral die eerste deel munt uit deur uitstekende afbeeldings, terwyl die gehalte van die foto's van die tweede werk hier en daar teleurstellend is gesien die steeds verbeterende fotografiese tegniek.

J. Ploeger.

Battiss, W.: Limpopo, pp. 128, met tekeninge, iinosneë, 17 kleurplate, 48 fotos. J. L. van Schaik, Pretoria, 1965. R15-25.

Dit is 'n boek vol spontane indrukke van allerlei aard. Die skrywer verwys na sy jeug, soos ons almal ook ons eie herinneringe het. Maar dit vereis 'n kunstenaar soos prof. Walter Battiss om dit soos 'n roman te laat klink, asook om dit so duidelik deur middel van tekeninge en foto's in beeld te kan bring.

Die familie Battiss was bekend vir sy hartstogtelike belangstellings: oupa vir bye, die pa vir sport en die seun, Walter, vir kuns. En nie net kuns nie, ook die lewe self met al sy sprankelende gesigspunte.

Die boek bestaan uit verskillende afsonderlike hoofstukke. Kortliks word ons gelei deur Somerset-Oos en Koffiefontein; die lewe van 'n jong seun op die platteland. Daarna kan ons ons Walter Battiss moeilik indink as 'n suksesvolle klerk en ons kan ons goed voorstel met watter vreugde hy aan die agterkant van 'n ding soos 'n doodvonnissketse sit en maak het.

In *Limpopo* kry ons indrukke van die natuur en die verhouding daarvan tot ons mense, altyd gesien deur die oog van die kunstenaar. Waar ander hulle toevlug moet neem na ingewikkelde filosofiese teorieë, gee Battiss die betekenis weer met een enkele sin vol suggestie. Hy het 'n skerp oog vir klein aantreklike besonderhede en hy volg so sy eie manier om ons daarop opmerkzaam te maak. In hierdie boek word ons aandag op baie dinge gevestig wat ons anders moontlik sonder 'n enkele blik sou laat verbygaan; rooi granietbeeldhouwerk van die natuur, wat Thomas Baines 'n eeu gelede in die bed van die Limpoporivier by Impopo Mini ontdek het; die waterval van Tolo Aximi, ten weste van Messina. Daar is Boesmantekeninge en slange, Arabiere, negers en Bantoes, die Mapunguhwe stam naby die Limpoporivier, die fort Lamu, Zanzibar vol lig en edelstene, vol hitte en kleur. Daar is Zimbabwe, die Karoo en die Sita diamantmyn.

Dit is 'n uiters persoonlike boek, wat mens nie sommer 'n slag deurkyk en dan eenkant laat lê nie. Intendeel, dit trek telkens weer. Dit stem tot nadinking as gevolg van 'n enkele woord of beeld. Dit laat mens die stad vergeet en laat jou daarna verlang om die vrye natuur weer te sien en te ervaar, te hoor, te ruik en aan te voel.

Iemand het Walter Battiss daarvoor bedank dat hy „die boek vir my geskrywe het”. Die boek is vir elkeen van ons persoonlik geskryf, die werke wat daarin afgebeeld is spreek tot elkeen in 'n ander, maar vertroulike taal. Wat meer kan mens verwag?

Die uitgewers het besondere sorg aan die voorkoms van die boek gegee. Dit het nie net 'n ryk inhoud nie, maar ook 'n ryk voorkoms. Die reproduksie in kleur van skilderye en iinosneë is opmerklik goed, die foto's, waarvan 'n deel in kleur, is mooi en duidelik. Daar is veel aandag bestee aan 'n mooi letter en goeie variërende papier. Kortom, dit is 'n mooi boek, oor ons eie land, soos dit deur een van ons eie kunstenaars gesien en vertolk word; 'n boek wat elkeen van ons graag in sy besit wil hê.

F. G. E. Nilant